MPO Nuusbrief

the dairymail 'N INISIATIEF

Verteenwoordig en bemagtig die produsent **2 Desember 2011**

Verhogings in produsentepryse

Die MPO is in kennis gestel dat melkkopers die eerste produsenteprysverhogings vir 2012 aangekondig het. Cloverprodusente in KwaZulu-Natal (KZN) sal vanaf 1 Januarie gemiddeld 20 sent per liter meer verdien, terwyl Midlands Milk produsente 'n prysverhoging van 54 sent per liter van 1 Februarie beding het met leierprosesseerders in KZN en Johannesburg. Skynbaar is onderhandelinge tussen Woodlands en produsente ook tans onderweg. Mnr Bertus de Jongh het die nuus verwelkom en die MPO se standpunt dat produsente nie die volle ekonomiese produksiekoste teen die huidige produsentepryse kan dek nie en dus dringend voldoende opwaartse aanpassings nodig het, bevestig. Na verwagting sal verdere wesenlike prysverhogings binnekort volg, aangesien produsentepryse steeds laer is as 'n jaar gelede.

Laaggeprysde kaasinvoere nou op SARS se risiko-enjin

Tydens die kwartaalvergadering van die Suiwelklassifikasie- en Tegniese Skakelkomitee gehou op op 25 November 2011, is verslag gelewer dat 'n klagte van die MPO aangaande abnormaal-laaggeprysde besendings spesialiteitskaas wat per geleentheid ingevoer word, daartoe gelei het dat SARS die besonderhede van hierdie invoere op hul risiko-enjin geplaas het. Dit beteken dat invoere van hierdie spesifieke kaas in die toekoms deeglik deur alle betrokke owerhede ondersoek sal word voordat dit in die land toegelaat word. SARS het die MPO ook versoek om 'n lys van nie-suiwelproduserende lande by die risikobestuurseenheid in te dien, sodat dit by die risiko-enjin ingesluit kan word. Die departement van landbou, bosbou en visserye se voedselveiligheid en kwaliteitsversekeringsdirektoraat het bevestig dat ingevoerde kaas wat deur kleinhandelaars herverpak en geëtiketteer word, die land van oorsprong op die etiket moet aandui. Dit volg op 'n versoek van die MPO, vergesel met fotografiese bewyse verkry deur Agri Inspec, om die nakoming van die Suid-Afrikaanse etiketteringsvereistes deur kaas wat in grootmaat deur kleinhandelaars ingevoer word en dan vir kleinhandelverkope herverpak en geëtiketteer word, te ondersoek. Me Barbara Bieldt, voorsitter van die komitee, het die relevante owerhede, insluitende die departement van gesondheid, geprys vir hul ondersteuning in die beskerming van die melkprodusente se mark gedurende 2011.

MPO KZN versterk bande met owerheid

As deel van die jarelange samewerking tussen MPO KwaZulu-Natal (KZN) en KZN se departement van landbou, omgewingsake en landelike ontwikkeling, het die departement verteenwoordigers van MPO KZN onlangs na Allerton genooi vir samesprekings en 'n toer van die laboratorium. Senior bestuurders van veeartsenydienste het die departement verteenwoordig, wat 'n bewys is van hul erns met die vergadering. Oop en eerlike besprekings het plaasgevind, en daar is erken dat die kwaliteit van die diens wat hulle die afgelope tyd gelewer het nie altyd aan verwagtinge voldoen het nie. Hulle (veeartsenydienste) het ook daarop gewys dat hulle intussen deeglike introspeksie gehou het en sleutelpunte geïdentifiseer het wat dringende aandag vereis, en bygevoeg dat hulle reeds maatreëls daarvoor

ingestel het. Tydens die laboratoriumtoer was dit duidelik dat die laboratoriums na behore toegerus is, maar dat die personeelvlakke nie optimaal is nie. Die melklaboratorium het egter die volle aantal personeellede, maar funksioneer nie volgens kapasiteit nie. Hulle het wel toestemming ontvang om 'n nuwe somatiese-selteller aan te koop, wat volgende jaar in werking behoort te wees. Die departement sal voorts ook 'n protokol opstel vir die prosedure waarvolgens melkmonsters vir toetsing ingedien moet word, omdat alle melkprodusente nie met die prosedure vertroud is nie. Mnr Mike Black van MPO KZN het gesê hulle het ook ooreengekom om opvolgvergaderings te hou om die verhouding tussen hulle en KZN-veeartsenydienste te versterk.

MPO rig klagte oor artikel aan *Financial Mail*

Die MPO het in 'n brief aan die *Financial Mail* beswaar gemaak oor 'n artikel getiteld *'How to milk it'* wat op 4 November verskyn het. Die MPO het sy kommer uitgespreek oor die korrektheid van sekere aangehaalde stellings deur mnr Mario Reiss, besturende direkteur van Danone Suider Afrika. Mnr Bertus de Jongh, HUB van die MPO, sê hy vermoed dat Mnr Reis nie korrek aangehaal is nie en dat dit nodig was om die feite oor die huidige stand van die primêre suiwelbedryf onder die aandag van die betrokke joernalis te bring om sodoende wanpersepsies uit die weg te ruim.

MPO sluit 2011 produsente-besoeke in Gauteng en Wes-Kaap af

Mnr Philip Swart, bestuurder van die MPO se lededienste, het verlede week produsente in George, Albertinia, Riversdal en Oudtshoorn besoek en hierdie week me Alta van Zyl, streekskoördineerder van MPO Noord, vergesel tydens besoeke aan produsente in Gauteng. Hoewel produsente onder finansiële druk verkeer as gevolg van hoë insetkostes en lae produsentepryse, is daar gevind dat hulle in die algemeen positief is ten opsigte van verwagte produsenteprysverhogings in die nabye toekoms. Die gebiede wat in die Wes-Kaap besoek is, het goeie reëns gehad, wat produsente weer hoop vir die toekoms gegee het.

71,5% sê reeds ja vir verhoogde ledegeld

Mnr Philip Swart, lededienstebestuurder van die MPO, het gesê dat die organisasie gedurende 2011 sy pogings om sy lede beter te leer ken en hernude lidmaatskap te bevestig, verskerp het. Tans is 84% (90% van melk), van alle melkprodusente landwyd lede van die MPO, terwyl 71,5% tot die beplande ledegeldverhoging ingestem het deur die nuwe lidmaatskapvorm te teken. Die MPO wil graag sy dank uitspreek teenoor alle produsente wat reeds die nuwe lidmaatskapvorm geteken het. Die organisasie is bemoedig deur die vertroue wat deur melkprodusente getoon word in die verskeidenheid en kwaliteit van die gelewerde dienste. Die MPO beplan om die verhoogde ledefooi eers te implementeer wanneer die verwagte produsenteprysverhogings vroeg volgende jaar aangekondig word. Melkprodusente wat nog nie die nuwe lidmaatskapvorm voltooi het nie, word versoek om dit so gou moontlik te doen. <**Kliek hier**> om die vorm van die MPO se webwerf af te laai of skakel Yolanda Strydom by 012 843 5600 of stuur 'n e-pos aan **yolanda.s@mpo.co.za**. Die volgende grafiek illustreer die persentasie produsente per provinsie wat reeds die nuwe lidmaatskapvorm onderteken het.



Die geskenk van innovasie

Wees op die uitkyk vir die Desember-uitgawe van *The Dairy Mail* met die tema van suiwelinnovasie. Hierdie uitgawe is uitstekende leesstof en bevat, onder andere, artikels oor relevante nuwe tegnologiese ontwikkelings.

Suid-Afrikaanse kase internasionaal vereer

Verskeie Suid-Afrikaanse kase is tydens die beoordeling van die Wêreld-kaastoekennings op 23 November bekroon. Die geleentheid is die grootste verbruikerskou van sy soort in Europa, met meer as 2 500 kase uit 34 lande wat vanjaar vir die kaaskompetisie ingeskryf is. Kase uit Suid-Afrika het altesame 13 toekennings in verskillende kategorieë gewen, met drie toekennings vir skaapmelkkaas van Belnori Boutique Cheesery. Lancewood, Fairview, Puglia, Parmalat en Healy's het brons in verskeie kategorieë ingepalm, terwyl Parmalat se Simonsberg Simonzola goud ontvang het en Ladismith Kaasfabriek se Ladysmither met 'n supergoudtoekenning bekroon is. Die MPO wens hierdie kaasmakers baie geluk met hul prestasies.

Cendel
Centre for Producer Development
Sentrum vir Produsente Ontwikkeling
Tel 012 843 5600

Rooibosdeurdrenkte joghurt en ander Fair Cape-prestasies

Me Lise Roberts van RSG het met mnr Melt Loubser, besturende direkteur van Fair Cape Dairies gesels oor hulle rooibosjoghurt en toekennings by die Internasionale Suiwelfederasie se Suiwelinnoveringstoekennings. Fair Cape het die kategorieë vir beste nuwe funksionele produk en beste nuwe suiweldrankie tydens die Wêreldsuiwelberaad in Parma, Italië, by 'n spesiale toekenningsfunksie op 18 Oktober gewen. Gebruik die ikoon hieronder om na die onderhoud te **luister.**

(Hierdie ikoon kan van u rekenaarskerm geskandeer word.)

R500 in bufferplakkerkompetisie gewen

'n Nuwe wenner van die MPO se bufferplakkerkompetisie is hierdie week aangekondig: 'n persoon met registrasienommer **CAW 79144**. Geluk met u prys van R500! Enigiemand wat raakgesien word met die MPO se *'**Drink melk**'* bufferplakker op hul voertuig, staan 'n kans om die kontantprys van R500 te wen. Wenners word elke tweede Dinsdag tussen 12:30 en 12:45 op RSG Landbou (12:00 op 104fm) aangekondig. Indien die prys nie afgehaal word nie, staan dit oor tot die volgende trekking.

Skakels
Melkprodusente-Organisasie
The Dairy Mail

Kontak ons
Bertus de Jongh – Uitvoerende hoof
Barbara Bieldt– Bestuurder, markbeskerming en ontwikkeling
Dr Koos Coetzee – Ekonoom
Philip Swart – MPO-lededienste

GEBRUIK DIE NUWE "TAG READER"

Hier is 'n **nuwe manier** om meer uit die MPO nuusbrief te kry. Gebruik jou selfoon met ingeboude kamera om die ikone te skandeer en kry meer inligting deur 'n klanksnit of 'n video op jou foon.

GAAN SO TE WERK

Laai die skandeerder (Tag Reader) af.
Daar is twee maniere om dit te kry.

- In jou foon se web-blaaier, gaan na http://www.gettag.mobi en kies download. Die skandeerder is gratis.
- As jy 'n slimfoon het, gaan na die foon se toepassings winkel (App store), soek Tag Reader en klik om dit af te laai.

SKANDEER

Jou foon se model sal bepaal of jy die ikoon sal moet afneem of skandeer.

- Gaan na die Tag Reader op jou foon (dit behoort in jou downloads-kieslys of apps-kieslys te wees) en maak dit oop.
- Hou jou selfoon oor die ikoon asof jy dit gaan afneem. Party fone sal self die ikoon skandeer en met ander sal jy 'n foto daarvan moet neem.

KYK EN LUISTER

- Meeste slimfone sal outomaties die klank- of videogreep aflaai en speel
- As dit nie outomaties gebeur nie, gaan na jou foon se mediasentrum en klik op die klank- of videogreep wat jy pas afgelaai het om dit te speel
- Dit mag ook gebeur dat jy outomaties na 'n webwerf geneem word waar jy meer inligting sal kry
- Kies "YouTube" as jy die opsie "Internet" of

Neem asseblief kennis hierdie e-pos is nie gemorspos nie. Dit is 'n nuusbrief van die MPO aan u, die gewaardeerde melkprodusent. ***www.mpo.co.za*** */ 012 843 5600*

PRINT | DIGITAL | MOBILE | RADIO | EVENTS | BRANDED CONTENT

AgriConnect
Your communications partner in the agricultural industry

Gepubliseer deur Agri Connect